Ps. 23: 1, 2, 3.
Ps. 33: 8, 9.
Ges. 33: 5, 6.

# Staf en Slinger

J/Patch, Skakien 19 Jan. '58
(NKP Bodday Kuffeng 7 Feb. '60

1 Sam. 17: 1-26, 31-50.

1 Sam. 17: 40 – Daarop neem hy sy staf in sy hand en soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe ....; en met sy slinger in sy hand het hy nadergekom na die Filistyn.

'n Mens word soms net. ~~onvoorsiens~~ onverhoeds en onverwags in 'n moeilikheid ingetrek. Sonder jou eie toedoen of begeerte beland jy skielik in 'n situasie waar net jy moet besluit, in d.d. oomblik van krisis en stryd, wat nou reg & goed is. In sulke oomblikke hang d. uitslag af nie net van jou besluit op d.d. oomblik nie, maar 'n veral van die wapens wat jy jou lank vantevore leer gebruik het & geoefen het vir die stryd.

So was dit met Dawid in sy stryd teen Goliath: een v.d. mooiste & avontuurlikste verhale van alle tye – vol spanning & onverwagte wendinge; 'n gebeurtenis waarin 'n jong man, 'n seun, in een oomblik van die rustige atmosfeer v.d. platteland & die veld uitgeruk word en uitgedaag word om te veg ^ [na wat hy in sy volk se voortbestaan [illegible]] teen sy diepste sielsoortuiginge. As wapens in hd. stryd gebruik hy 'n staf, 'n slinger en 'n klippie. Na hd. wapens wil ons eers kyk en vra: watter soort wapen gebruik hy? Resultaat? Vs. 50

I Eenvoudig: watter geweld. teenstelling is daar tussen die wapens van Goliath & Dawid!

By Goliath: 'n Reus van 9'6", swaar gepantser, met koperhelm, skild & spies: 'n „ondeurdringbare" vesting in koper & staal, 'n onverskrokke buffel in die krag van sy lewe – die trots van sy nasie!

By Dawid: „'n Seun – rooierig, met 'n mooi voorkoms" – sonder koperhelm & pantser, sonder

swaard en spies: al hd. wapens was tot sy beskikking, maar hy het hulle uitgetrek omdat die goed vir hom vreemd was: „Ek kan nie hierin loop nie, want ek het dit nooit probeer nie". Al wapen wat hy het is:
- 'n staf in sy hand as stut
- 'n slingervel met vyf klippies

Alles doodeenvoudige dinge wat 'n mens op enige plek in die veld kan afsny of optel. Wat maak 'n mens met sulke wapens?

→ Die lewe het ons geleer:
- die grootste uitvindinge is juis groot omdat hulle eenvoudig is. Dink maar aan die ontdekking van stoomkrag! (ghaai lamp)
- die grootste waarhede is juis groot omdat hulle eenvoudig is. Dink maar aan die waarheid i.v.m. bekering: God gee nie baie val voorskrifte & reëls nie – net die eenvoudige opdrag: „Glo, en jy sal gered word" Dink maar aan die oorwinning oor versoekings – hoedat 'n enkele Bybelteks 'n anker word in die uur van krisis & keuse!

→ Tye van twyfel: hd. dinge te eenvoudig: meer be-indruk deur ingewikkelde redenasies, argumente ens.! Pasop!!

II Geoefend: Maar dis nie genoeg om 'n wapen te hê in die stryd nie – ons moet kan weet hoe om ons wapens te hanteer. So was dit ook hier:

By Goliath: Staatgemaak op sy oorweldigende postuur, sy groot ligg. krag. D/by het hy seker baie geoefen – soms ure & dae gewy aan sy die hantering van sy massiewe wapenrusting. (Cf. Amper soos Russiese tenk)
Ja hy was so selfversekerd: lees maar verse 8–10 en sien hoe graag hy die woord: ek en my gebruik (7 maal)

By Dawid: kry ons iets gans anders. Hier het ons 'n herdersknaap terggeroep agter sy skape. Hoeveel keer het hy nie as jong seun in die veld met sy slingervel gespeel & geoefen: hier na 'n geitjie op 'n klip, daar na 'n voël in die bos! Met verloop van tyd het hy ontdek: oefening maak die meester: daarsonder is alles tevergeefs!

→ Vir Feckander, oud & jonk – God het ons talle wapens gegee vir die stryd teen d Goliaths wat ons wil oorweldig: – maar wat help al hierdie wapens as ons hulle nie gebruik nie?
- Wat help die swaard van Gods Wd. as ons dd. Wd. nie lees nie?
- Wat help al die beloftes i.v.m. gebed as ons dit nie beoefen nie?
- Wat help ons Xt. belydenis as ons dit nie uitleef nie?
- Wat help ons breme voorouers se geloof. as ons dit nie ons eie maak nie?

Het u opgelet dat in Paulus se grootse beskrywing oor die wapenrusting v.d. Xten hy nie Efese 6:10-20 hy die klem laat val op die feit dat die Xten geoefend moet wees: Trek aan – neem op – bly staan!

→ Elkeen baie duid. uitmaak: Wat gaan ek hd. jaar doen: gaan ek my wapens gebruik? Of gaan 'n Goliath laat neem? My Bybel, my gebed, my werk i/d C.S.V., kerk ens. in Xt. opsy skuiwe omdat my omes nie sien – ens.?
(Dawid nooit kon droom – eendag so gebruik!

III Deeltreffend: Maar alles sal niks help as my wapen nie sy deel kan bereik nie: al werk dit hoe maklik, al eenvoudig ek hoe lank – dit moet effektief wees

By Goliath was dit skynbaar so gevaarlik: sy pantser, sy helmet, sy spies en swaard – volledig nêrgens hier enige geweg met swaard & spies. Wie sou teen hom kon staande bly?

By Dawid – o wee: watter klug – 'n staf en 'n slingervel! Ek stel my voor dat een v. Dawid se broers wat dit aanskou het gesê het: „Hd. se broers wat dit aanskou – wat maken die slagting wil ek nie aanskou – wat maken die stand? Gaan sy dood want: is hy van sy verstand? Gaan sy dood tegemoet!"

Dawid, egter, het 2 dinge gemeet wat die ander nie gemeet het, of vergeet het:

(1) Goliath, soos Achilles v.d. ou Griekse heldemitologie, een wondbare plek gehad – een swak onbeskutte punt: sy voorkop! Naaid vermag om daar getref te word!

(2) Sy eintlike wapen was nie hd. staf, nie hd. slinger & klip: Hy het op 'n ander staf geleun: „'n stok en 'n staf die vertroos my"; hy het 'n ander steunpunt gehad:

v. 45 – „Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spiesen met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here v.d. leërskare ... " Ook v. 47: „Want die stryd behoort aan die Here" Daarom was sy slingervel & sy klippie so effektief – omdat hy 'n ander, onsigbare wapenrusting aangehad het!

→ Ons wapenrusting: Efese 6

→ Met watter wapens gaan 'n die jaar tegemoet?

Amen